

Gepubliseer op:

Deur Christus Alleen

Tuisblad van dr. A.H. Bogaards

www.enigstetroos.org



Die God van heerlikheid en die geboorte en lewe van die kerk

*Reeks preke oor die openbaring van die God van heerlikheid,
Christus, in die lewe van Abraham*

Dr AH Bogaards

2012

Preek 8

Lees: Genesis 17

Teks: Genesis 17:1 (Abraham reeks nr 8)

Datum: 10 Junie 2012

Psalms: 48:1; Geloofsbelydenis; 121:1; 91:1; 150:1

1. Inleiding

In ons tyd is daar 'n groot diskussie aan die gang oor kerkgroei en die gebrek aan kerkgroei.

Die groot vraag is: Hoé kan die kerk groei?

Dit leer Genesis 17 ons:

- Dit is nie mensewerk nie: Ons kan nie dooie harte, onbesnede harte, lewend maak nie.
- Kerkgroei is nie mensewerk nie, maar die werk van God, die Almagtig. Hy maak lewend. Hy bring die kerk in die wêreld deur die krag van sy Woord. Die kerk word gebore deur die heilswerk van Christus. Die kerk word gebore deur die besnydenis van Christus, dit wil sê deur die kruis.

➔ Dit is wat 1 Petrus 1:23 ons ook leer: *Ons is wedergebore nie uit verganklike saad nie, maar uit onverganklike saad, deur die lewende woord van God wat tot in ewigheid bly.*

Die groot probleem van ons tyd is: Die magtelose mens wil kerkgroei uit God se hande neem en eie-handig – sonder Woord, sonder Christus – die geboorte van die kerk bewerk.

Ek oordink Genesis 17 met u aan die hand van die volgende hoofgedagtes:

1. God, die Almagtige, gee lewe uit die dood;
2. God, die Almagtige, gee lewe deur sy lewegewende beloftewoord;
3. God, die Almagtige, beteken en verseël sy lewenswoord met sy lewensteken.

2.1 God, die Almagtige, gee lewe uit die dood

Ons sal Genesis 17 in die nouste verband met die voorafgaande hoofstuk moet sien. Genesis 16 en 17 staan radikaal teenoor mekaar:

- In Genesis 16 is dit die mens sonder God, sonder Christus dus, wat wil sorg dat die groot volk kom. Abram wil self die belofte van 'n groot nageslag probeer verwerklik met die noodoplossing Hagar. Dit is nou 'n Christuslose Christendom! Mens-gesentreerd - die hulpelose mens.
- In Genesis 17 het ons presies die teenoorgestelde: Hier is dit God sonder die mens, God deur Christus alleen. Christus-gesentreerd - God, die **Almagtige** deur die **krag** van die kruis en opstanding.

Genesis 17 begin met die opmerking: *Toe Abram nege en negentig jaar oud was, het die HERE aan Abram verskyn en vir hom gesê: Ek is God, die Almagtige; wandel voor my aangesig, dan sal jy opreg wees.*

Toe Abram nege en negentig jaar oud was ...

Vers 1 is van die uiterste belang. Dit gee noodsaaklike toeligting op wat gaan volg: die geboorte van die kerk:

- Menslikerwys gesproke was dit nou heeltewel onmoontlik dat daar nog ooit saad, nog ooit 'n nageslag, ooit 'n kerk kan kom, want *Abram was nege en negentig jaar oud*. Nou is dit al 13 jaar na die geboorte van Ismael. Nou is die situasie nog hagliker, nog meer onmoontlik. Ook Romeine 4:19 laat ons hoor hoe onmoontlik dit menslikerwys was. Want Romeine 4 laat sien: Hier in Genesis 17 is dit nie meer net Sara wat 'n probleem gehad het nie (Gen 11:31), maar óók Abraham. Sara se moederskoot was

verstorwe en óók Abraham se eie liggaam was alreeds verstorwe. Abram staan in Genesis 17 dus voor 'n dubbele onmoontlikheid dat daar ooit 'n kerk kan kom.

- Vir mense was dit inderdaad onmoontlik, maar nie vir God nie. WANT teenoor Abram se onvermoë stel die HERE in vers 1 sy alvermoë. Abram moet weet Wie en Wat die HERE is, wat Hom sy belofte gegee het: ***Ek is God, die Almagtige***. Die ***Ek*** staan voorop in hierdie openbaring. Ons sien God, die Almagtige, se almag so heerlik geopenbaar in die koms van dié Saad, want in Lukas 1:35 sê die engel vir Maria: Die Heilige Gees sal oor jou kom en die krag van die Allerhoogste sal jou oorskadu. En as ons Here Jesus sy kerk uitstuur om dissipels te maak – ons kan sê die geboorte van die kerk -, dan staan Jesus agter sy kerk, Hy wat beklee is met alle mag. Dit is die geheim van die geboorte van die kerk ... En ook die rede hoekom ons nie moedeloos moet word as ons voor die menslik onmoontlike te staan kom nie.

God openbaar Hom in hierdie geskiedenis aan Abram en aan ons met 'n besondere bedoeling:

- Enersyds openbaar God die mens se totale onvermoë om die kerk in die wêreld te kan bring. Só wil Hy ons van alle menslike planne en kragte laat afsien in die ontstaan en groei van die kerk.
- Andersyds openbaar God sy almag, sodat Abraham stof tot vertroue sal put, sodat ons ons heeltemal aan Hom sal toevertrou, sodat die mens die geboorte en lewe van die kerk net van Hom sal verwag.

Wel moet ons ***glo***. Dit is wat bedoel word met die eis: ***Wandel voor my aangesig***.

Dit is baie belangrik dat u moet weet dat met die ***wandel voor my aangesig*** bedoel word: Abram moet glo. Laat ek verduidelik:

- In die Griekse vertaling van Genesis 17:1 word die bevel ***wandel voor my aangesig*** vertaal met die bevel: ***Behaag God***.
- In Genesis 5:24 lees ons dit ook van Henog: Hy het ***met God gewandel***, Hy het ***God behaag***. In Hebreërs 11:6 word hierdie ***wandel voor God*** ook vertaal met ***behaag***: Henog ***het God behaag***. En dan verklaar Hebreërs presies wat met daardie behaag of wandel bedoel word, wanneer hy skryf: ***En sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag ...***

Hierdie ***wandel voor my aangesig*** beteken dus: Abraham moet uit die geloof lewe. En spesifiek geloof in die woord dat die HERE God, die Almagtige is, dat Hy kan doen wat Hy belooft het. En in Romeine 4: 16-17 word die wandel van Abraham **presies so beskryf** as: ...

die geloof van Abraham ... voor die aangesig van God in wie hy geglo het, wat die dode lewend maak en die dinge wat nie bestaan nie, roep asof hulle bestaan.

Wandel voor my aangesig, **dan sal jy opreg wees**. Die *opreg wees* is vrug van die geloof, van die wandel voor God. In onself is ons nie geregverdig nie, maar deur die geloof is ons opreg. ***Opreg*** beteken: *volkome* (voor God).

Ons kom by die tweede hoofpunt:

2.2 God, die Almagtige, gee lewe deur sy lewegewende beloftewoord

In vers 2 sê God, die Almagtige, vir Abram: ***En Ek wil my verbond sluit tussen My en jou***. Dit is nie 'n ander verbond as die een wat reeds in Genesis 15 vers 7 met Abraham opgerig is nie. Wel gaan die HERE Hom in die verbondsluiting van Genesis 17 toespits op die belofte van 'n nageslag uit Abram. Dit kan ons aflei uit die toevoeging: Ek wil my verbond sluit ***en Ek wil jou buitengewoon vermeerder***.

In antwoord daarop ***val Abraham op sy aangesig***. Dit is 'n geloofsbelydenis, sê Calvyn. Ons kan maar sê: In hierdie neerval voor God sien ons Abram ***wandel voor God se aangesig***. ***WANT om te buig voor God se aangesig***, om voor Hom te kniel in eerbetoon - voor God se almag en voor sy Woord – dit is dieselfde as ***wandel voor God se aangesig***.

Daarop sê die HERE vir Abraham wat Hy gaan doen: ***Wat My aangaan, kyk, my verbond is met jou***. Letterlik staan daar: ***Ek, kyk, my verbond is met jou ...*** Die ***Ek, kyk*** -, hierdie ***Ek*** slaan terug op vers 1, op ***God, die Almagtige***. Die ***Ek*** staan met groot nadruk voorop. Hy gaan dit nou waar maak – nie 'n mens nie. Abraham en ons oë moet goed raaksien Wie dit gaan doen, en Wie en Wat Hy is, wat ons sy beloftes gee. Hy is God, die Almagtige, wat sy beloftes kan en sal waar maak – hoe onmoontlik dit vir ons ook al lyk. ... ***my verbond is met jou, en jy sal die vader van 'n menigte van nasies word***.

En dan voeg die HERE daarby: ***Daarom sal hulle jou nie meer Abram noem nie, maar jou naam sal wees Abraham, want Ek maak jou 'n vader van 'n menigte van nasies***:

- Eers het Abram 'n naam gehad, wat iets sê van 'n mens, van sy vader. Abram beteken immers: My vader is groot.
- Nou ontvang hy 'n nuwe naam, Abraham. En hierdie naam sê nie iets van 'n mens nie, maar dit verkondig die werk van God: ***Want Ek maak jou 'n vader van 'n***

menigte van nasies. Dus: nie die mens, nie my aardse vader nie, maar God is groot, Hy is almagtig.

Ons moet tog sien dat God hier nie net die naam Abraham gee nie, maar dat Hy dit ook boonop verklaar: Abraham ... **want Ek maak jou 'n vader van 'n menigte van nasies**.

Hierdie naam Abraham sal 'n blywende herinnering aan en verkondiging wees daarvan dat die kerk sy oorsprong te danke het nie aan mense nie, maar aan God, die Almagtige ... **Ek maak jou tot 'n vader...** Dit is ook 'n enorme troos vir die kerk in ons tyd: Die kerk het sy ontstaan en bestaan en voortbestaan uitsluitlik te danke aan God. En Hy doen dit deur die krag van sy beloftewoord.

Wanneer ons Kategismus bely wat ons glo van die Kerk - oor die ontstaan, bestaan, voortbestaan daarvan -, dan draai die belydenis ons 180° weg van onself en heeltemal in die teenoorgestelde rigting na die Seun alleen: **Ek glo dat die Seun van God vir Hom 'n gemeente vergader deur sy Gees en Woord en van die begin van die wêreld af tot aan die einde toe vergader, beskerm en onderhou ...** En dan die blye geloofsuitroep daarby: **en dat ek daarvan 'n lewende lid is en ewig sal bly.**

Ons kom by die derde:

2.3 God, die Almagtige, beteken en verseël sy lewenswoord met sy lewensteken

Eers het die HERE gesê wat Hy sal doen: **Ek maak jou 'n vader van 'n menigte van nasies**.

In vers 9 begin die HERE met Abraham se plig: **Maar jy moet my verbond hou, jy en jou nageslag ná jou, van geslag tot geslag**. In vers 10 word die eis verder uitgestippel: **Dit is my verbond** wat jy en jou nageslag moet hou: **Al wat manlik onder julle is, moet besny word**.

Die besnydenis is die eerste sakrament in die Bybel. In Kolossense 2:11 tot 12 word die doop die besnydenis van Christus genoem. Deur die doop so te beskryf, word daar 'n verband tussen doop en besnydenis gelê.

1. Die doop is 'n voortsetting van die besnydenis en
2. Doop en besnydenis wys beide op wat God doen.

Om die gebeurtenis van die besnydenis in Genesis 17 goed te verstaan, moet ons beslis onthou: Dit het alles te make met wat in hierdie hoofstuk al ter sprake gekom het:

1. Eerstens die totale onmag van die mens om die beloofde nageslag voort te bring en

2. Tweedens die werk van God, die Almagtige, in die geboorte van die kerk.

‘n Sakrament is immers ‘n teken en ‘n seël van God se beloftes, van sy werk. Eers – tot in vers 8 - het Abram die Woord gehoor. In die besnydenis wil die HERE hom ook laat sien wat hy gehoor het.

Wat kry Abraham te siene in die besnydenis, in die afsny van die voorhuid? Die sondige vlees, die ou mens, staan die geboorte van die kerk in die weg. Die vlees moet onder die mes kom, die oordeelsmes van God. God doen dit in die besnydenis. So maak Hy Abraham tot ‘n groot nasie.

En aan die kruis sien ons die vervulling van die besnydenis: Die kruis is die besnydenis van Christus. Hy is *afgesny* uit die land van die lewendes, sê Jesaja 53:8. En in sy besnydenis is ons ou mens, die liggaam van die sondige vlees afgelê. Die doop is ook die besnydenis van Christus, want dit beeld die kruis, die besnydenis van Christus, af.

Abraham kry opdrag om te besny. Dit is ‘n geloofsdaad, want daarmee omhels hy God se beloftes. Vers 1 begin met die opdrag: Wandel voor my aangesig, dit wil sê: Glo in God se beloftes! En met die daad van besnydenis doen Abraham dieselfde: Hy glo in God se beloftes. Dit wil sê: Hy wandel voor God se aangesig.

Om nie te besny nie, kom op die teenoorgestelde neer. Dit is nie maar net minagting van ‘n sermonie nie. Dit kom neer op ongeloof, op die verwerping van die besnydenis van Christus, van God se werk. Wie dit doen, moet self afgesny word deur die oordeelsmes. Hy het geen deel aan die besnydenis van Christus in ons plek nie.

3. Slot

- God wíl hê dat ons die vervulling van sy beloftes uit ons sondige, magtelose hande moet laat.
- God wíl hê dat ons die kerk in die deurboorde hande van die almagtige Seun van God moet los.

Wat ons ten enemale nie kan doen nie, dit kan Hy wel doen, want in mattheus 28 sê Hy: ... ***aan My is gegee alle mag in die hemel en op aarde. Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle*** in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees.

Wat ‘n wonderlike ooreenkoms tussen besnydenis en doop:

- voorafgaande aan die besnydenis die verkondiging van God se almag;

- en presies dieselfde voorafgaande aan die doop: ... *aan my is gegee alle mag Gaan dan heen ... doop hulle* Mt 28).

- Verkondiging van God se almag en die teken van besnydenis,
- verkondiging van God se almag en die teken van die doop,

SODAT almal kan hoor en sien hoe die kerk gebore word: deur die werk van God, die Almagtige.

AMEN